
Pieter Hugo
Streekbibliotekaris,
Suidstreek



## Selfone is fantastiese, wonderlike verskrikkings

Anytime at all,
anytime at all,
anytime at all,
all you've gotta do is call,
and I'll be there.
(Uit die liedjie **Anytime at all** van die Beatles)

Selfs George Orwell met sy futuristiese Big Brother-idee het nie voorsien dat ons almal, vrywillig nogal, en teen hoë koste en baie trots daarop, 'n mobiele apparaatjie met ons sal saamdra wat dit onmoontlik maak om ooit met rede onbereikbaar te wees nie. In Orwell se boek, **1984**, is elke landsburger se televisiestel altyd aan. Dit kan en mag nie afgesit word nie en is terselfdertyd ook 'n opname-apparaat waarmee Big Brother 'n alsiende ogie oor almal hou. Deur 'n totale gebrek aan individuele privaatheid te skep, kry Big Brother totale beheer oor almal.

Hierdie klein Big Brothertjie wat ons so slaafs saamdra, maak dat ons nooit meer werklik alleen kan wees nie. Ons kan nie eers meer alleen saam met iemand wees nie. Ons lekkerste, luiste, privaatste, diepdenkendste, mees romantiese, hartseerste, mees bedonnerde, sommer-net-agter-ons-knieë-sitste oomblikke word nou gereeld wreed onderbreek. En dan moet ons verantwoording kan doen. En moenie waag om die vraag, 'Waar's jy nou?' te antwoord met 'In my vel' nie. Behalwe dat dit as poging tot humor flouer is as 2% melk, is dit heeltemal futiel as verset teen die alwetende Big Brother. Dis 'n ongeskrewe reël van die hedendaagse samelewing. Ons is verantwoordelik om te alle tye bereikbaar te wees.

Selfone is vergulde, hoëtegnologie boeie waarmee ons onsself met graagte boei. Ou Orwell sal sekerlik 'n ietwat sadistiese, innerlik bevredigde, ek-het-julle-mos-gewaarsku-glimlaggie van daar oorkant af gee as hy sou kon weet wat deesdae aangaan. Dit is die nagmerrie-agtige 'fantasie'-aspek van die fantastiese selfoon.

Die 'wonder'-deel van die wonderlike selfoon is dat dit 'n mens laat wonder of ons ou mensdom dan nooit gaan leer nie. In die 50's en 60's van die vorige eeu het die Amerikaanse motorvervaardigers dit reggekry om kopers te oortuig dat hulle elke jaar 'n nuwe, 'verbeterde' model MOET koop, al was die nuwe model in werklikheid maar net dieselfde ou, en dikwels redelik slegte, tegnologie in 'n nuwe chroomkrismisboombakwerk toegedraai. Of motorkopers intussen ietwat meer ingelig en gesofistikeerd geraak het en of motorvervaardigers 'n bietjie meer integriteit ontwikkel het, weet ek nie, maar ten minste kry motors nie meer elke jaar 'n nuwe bakvorm nie. Nuwe modelle is ook ten minste meestal werklik baie beter en meer gevorderd as die oue, hulle lyk nie maar net anders nie.

Maar met selfone is ons weer terug by die Yank Tanks van 'n halfeeu gelede. Daar word wel ongelooflike tegnologiese vordering met die goed gemaak. Maar die redes waarom die meeste van ons elke jaar of twee 'n nuwe enetjie MOET aanskaf, is egter alles bysake. Die ou een is dan al so verskriklik outyds, lelik en groot. Hy het geen spogwaarde meer nie. En hy kan nie sulke oulike prentjies stuur nie, het nie die nuutste luitone en *games* op nie, kan nie foto's en video's neem nie, kan nie jou gunstelingliedjies blikkerig uitblêr nie, bied nie Internet-toegang nie, het nie 'n ingeboude radio of GPS nie, ensovoorts. Nie een van hierdie wonderlikhede het enigsins iets te doen met die hooffunksie van 'n selfoon nie, naamlik om te kan bel en om gebel te kan word nie.

Selfone word natuurlik wel deeglik gebruik om te bel. Die goed lui onophoudelik. In die middel van gesprekke, konserte, vergaderings, eredienste en kursusse. Selfs in biblioteke. Almal is voortdurend aan't praat met iemand onsigbaar, in plaas van met die mense wat by hulle is. As Rip van Winkel nou weer sou opstaan en sien hoe mense alleen op straat handebeduiend met hulleself praat, sou hy tereg kon verklaar dat die ganse mensdom stapelgek geword het.

Maar laat ek nou nie te negatief wees nie. Soms is 'n selfoon regtig baie handig. Soos om 'n diefstal aan te meld. Behalwe dat hy dan natuurlik al klaar gesteel is. Ek kan net nie op die oomblik aan 'n ander positiewe aspek van selfone dink nie - SMS my as jy aan een kan dink.